

WISKUNDE HULP

GRAAD 3

NUWE UITGAWE

KABV

Nienke Nieuwenhuizen



Inhoudsopgawe

1	Getalle: Tel in l'e, 2's, 3's, 4's, 5'e, 10'e, 20's, 25's, 50's en 100'e, lees getalle, skat en tel, kleiner as of groter as, skryf getalle in woorde, plekwaarde, getalwaarde, uitgebreide notasie, rond af, vergelyk en rangskik getalle, verdubbel, halveer	2
2	Getalsinne: Huisie somme, wiskunde het ook teenoorgesteldes, getalsinne	55
3	Plus en minus: plus, minus	62
4	Gewone breuke: teken breuke, vergelyk en rangskik breuke	78
5	Tyd: Analoog en digitale tyd, voormiddag en namiddag, leerwerk, maande van die jaar, kalenders	81
6	2D vorms: name van vorms	94
7	Datahantering: Frekwensie tabelle, staafgrafieke	98
8	Spinnekop somme	101
9	Patrone: Meer as, minder as, voor, na, tussen, geometriese patrone, getal patrone, spinnekop somme, voltooi die patrone	103
10	Maal en deel: maal, deel	113
11	Woordprobleme: Plus, minus, maal, deel	123
12	3D vorms	130
13	Simmetrie	133
14	Lengte: kilometer, meter, sentimeter, millimeter, leerwerk	134
15	Inhoud en volume: liter of milliliter, leerwerk	136
16	Massa: kilogram en gram, leerwerk	138
17	Rangtel	140
18	Geld: rand en sent, tel die geld, kleingeld	143
19	Omtrek	151
20	Meting: Hoe om met linaal te meet?	153
	Antwoorde	155

HOOFSTUK I: GETALLE

LEES GETALLE

Dit werk soos 'n papegaaibek:
Voorbeeld



628
Seshonderd agt en twintig
Voorbeeld

345
Driehonderd vyf en veertig

SKAT EN TEL

Skat: raai hoeveel voorwerpe is daar.

Tel: tel die voorwerpe. As dit baie voorwerpe is, maar groepe van 5 of 10 en tel in 5'e of 10'e.

SKRYF GETALLE IN WOORDE

H	T	E
8	2	4

Voorbeeld

Skryf **698** in woorde:

Ses honderd **agt** en **negentig**

Voorbeeld

Skryf **605** in woorde:

Ses honderd en **vyf**

1	een	10	tien	100	eenhonderd
2	twee	20	twintig	200	twee honderd
3	drie	30	dertig	300	driehonderd
4	vier	40	veertig	400	vierhonderd
5	vyf	50	vyftig	500	vyfhonderd
6	ses	60	sestig	600	seshonderd
7	sewe	70	sewentig	700	sewe honderd
8	agt	80	tagtig	800	agthonderd
9	nege	90	negentig	900	negehonderd
				1 000	een duisend

HOOFSTUK 2: GETALSINNE

HUISIE SOMME

Voorbeeld

Maak die getal in die boonste blok vol:

10		11		12	
1	9	1	10	1	11
2	8	2	9	2	10
3	7	3	8	3	9
4	6	4	7	4	8
5	5	5	6	5	7

WISKUNDE HET OOK TEENOORGESTELDES

Plus en minus is teenoorgesteldes.

Dit beteken:

$$3 + 2 = 5 \text{ so } 5 - 2 = 3 \text{ en } 5 - 3 = 2$$

'n Plus som kan getoets word deur 'n minus som.

Minus en plus is teenoorgesteldes. Dit beteken:

$$3 - 2 = 1 \text{ so } 1 + 2 = 3$$

'n Minus som kan getoets word deur 'n plus som.

HOOFSTUK 3: PLUS EN MINUS

PLUS (+)

Voorbeeld

$$213 + 312 = 525$$

	H	T	E
	2	1	3
+	3	1	2
<hr/>			
	5	2	5
<hr/>			

OF

$$\begin{aligned} & 213 + 312 \\ \rightarrow & (200 + 10 + 3) + (300 + 10 + 2) \\ \rightarrow & (200 + 300) + (10 + 10) + (3 + 2) \\ \rightarrow & 500 + 20 + 5 \\ \rightarrow & 525 \end{aligned}$$

MINUS (-)

Voorbeeld

$$765 - 321 = 444$$

	H	T	E
	7	6	5
-	3	2	1
<hr/>			
	4	4	4
<hr/>			

OF

$$\begin{aligned} & 765 - 321 \\ \rightarrow & (700 + 60 + 5) - (300 + 20 + 1) \\ \rightarrow & (700 - 300) + (60 - 20) + (5 - 1) \\ \rightarrow & 400 + 40 + 4 \\ \rightarrow & 444 \end{aligned}$$

HOOFSTUK 4: GEWONE BREUKE

TEKEN BREUKE


Voorbeeld

Om $\frac{3}{4}$ te teken. Teken 4 blokkies teenmekaar, elkeen 'n cm lank. Kleur dan 3 blokkies in.



Voorbeeld

Om $\frac{4}{9}$ te teken. Teken 9 blokkies teenmekaar, elkeen 'n cm lank. Kleur dan 4 blokkies in.



HOOFSTUK 5: TYD

ANALOOG EN DIGITALE TYD







Die **lang wyser** wys die **minute** en die **kort wyser** wys die **ure**. Tel in **5'e** vir **minute**.



Horlosie	Analoog tyd	Digitale tyd
	<p>Die lang wyser is op die 3 (kwart oor).</p> <p>Die kort wyser (ure) is op die 2.</p> <p>Dis nou kwart oor 2.</p>	<p>Die lang wyser is op die 3 (15 minute oor). Die kort wyser (ure) is op die 2.</p> <p>02:15</p>

HOOFSTUK 6: 2D VORMS

VORMS

Vorm	Naam
	driehoek
	vierkant
	rechthoek
	vyfhoek
	seshoek
	vierhoek


HOOFSTUK 7: DATAHANTERING

FREKWENSIE TABELLE

Watter tipe lekkers verkies kinders?

Tipe lekkers	Telmerkies	Frekwensie
Smarties		6
5 star		8
Bar-one		4
Tex		2
Flake		10
TOTAAL		30

STAAFGRAFIEK





Kopiereg 2023

www.wiskundewenners.co.za

0835795369

